**SELFVERDEDIGING EN NOODWEER deur Daan Nortier**

http://www.naudes.co.za/Main/Data/Selfverdediging_en_Noodweer_1354.asp

---

Iemand wat in selfverdediging ‘n aanvaller doodmaak, tree regmatig op en behoort in bepaalde omstandighede skotvry te wees.

‘n Mens tree in noodweer en dus regmatig op as jy jou verweer teen ‘n onregmatige aanval op jou lewe of goed. Jy hoef nie te vlug nie, net so min as wat ‘n polisiebeampte vir ‘n misdadiger hoef te vlug wat iemand se lewe of eiendom bedreig.

Noodweer as regverdigingsgrond in ons reg is oeroud. Dit handhaaf sy plek in ons reg van die vroegste tyd af toe die primitiewe samelewings nog geen begrip van ‘n georganiseerde staatsmag gehad het nie.

Selfverdediging was in daardie dae, soos alle ander vorms van eierigting vanselfsprekend, maar die aanwending daarvan is met regsontwikkeling deur die eeue al meer ingekort. Vandag geld noodweer net in bepaalde gevalle.

Dis immers ‘n gegewe dat die polisie nie almal oral tegelyk teen misdaad kan beskerm nie. Dus laat ons reg jou toe om as ‘t ware “polisieman” te speel en die reg in jou eie hand te neem om die regsorde te handhaaf.

Noodweer as regverdigingsgrond lê veranker in die beginsel dat reg nie voor onreg hoef te wyk nie.

Ons howe het al baie uitspraak gelewer oor mense wat hulle regmatig op noodweer beroep het, bv. vir die beskerming van lewe, eiendom, eer, indringing in ‘n huis, onregmatige betreding en selfs belastering.

Om met noodweer as verweer in die hof te slaag, is bepaalde vereistes noodsaaklik. Die howe ontleed die aanval, waarteen in noodweer opgetree word, asook die geweld waarmee die aanval afgeweer word.

Dis ‘n vereiste dat die aanval wederregtelik moet wees. Jy kan jou nie in noodweer teen regmatige optrede verweer nie, bv. as ‘n bevoegde polisieman jou regmatig in hegtenis wil neem. Jy kan jou egter wel bv. teen onregmatige arres verset.

Noodweer sal altyd teen die onregmatige optrede van ‘n ander mens gerig wees. Waar iemand bv. deur ‘n kwaai hond aangeval word, ontstaan ‘n noodtoestand, want die aanval kom van ‘n dier af.

Waar die hond egter deur ‘n aanvaller beheer en op jou gerig word, kan jy in noodweer teen die aanvaller optree.

Nog ‘n vereiste om met die verweer te kan slaag, is dat die aanval gerig moet word teen ‘n belang wat ons reg as werd ag om te beskerm. Soos reeds genoem, strek die belang só wyd dat dit selfs jou eer en goeie naam insluit.

Die volgende vereiste is dat die aanval moet dreig en nie reeds voltooi wees nie. Jy kan dus nie sommer iemand te lyf gaan, omdat hy jou dreig hy gaan jou nog in die toekoms regsien nie. Waar hy jou egter bestorm, hoef jy nie te wag voordat die eerste hou jou tref voordat jy terugslaan nie.

Noodweer is heeltemal anders as bv. wraak. Waar iemand jou in die verlede aangerand het, tree jy nie in noodweer op as jy hom in die nag voorlê en met ‘n piksteel bykom nie.

Ons howe het dit egter as noodweer beskou toe ‘n rower ‘n armlastige se papiersak met kos en klere gegryp het en ‘n byl gebruik het om die arme man van sy sakkie kosbare goed te weerhou, en toe die slagoffer ver na sy huis gehardloop, ‘n tafelmes gegryp en toe die rower in die daaropvolgende geveg doodgesteek het.

Wanneer die hof dan die afweerhandeling as vereiste ondersoek, is dit eerstens belangrik dat dit teen die aanvaller gerig moet word. Die handeling moet ook noodsaaklik wees om die reg te beskerm wat bedreig word. Dit moet m.a.w. die enigste manier wees wat daardie belang beskerm kan word.

Waar jy jou eiendom verhuur en die huurkontrak kanselleer, maar die huurder weier om die eiendom te ontruim, kan jy hom nie te lyf gaan nie. Jy moet hom laat dagvaar en só jou reg handhaaf.

Daar is al baie gevra of dit nie eintlik maar beter is om te vlug as te veg waar jy of jou goed bedreig word nie.

Die antwoord is ‘n besliste nee. Daar bestaan goeie regsgesag dat vlug nie verdediging is nie, maar ‘n toegewing aan onreg.

In ons bewoë land met die hoë misdaadsyfer kan dit meesal lewensgevaarlik wees om te vlug, want dit kan jou straks ‘n mes tussen die blaaie besorg. Ons reg vra dit van niemand nie.

Ons reg vra wel dat daar wel ‘n redelike verhouding moet wees tussen die aanval en die afweershandeling. Normale verstand verg immers dat jy nie iemand se kop met ‘n byl gaan oopkloof as hy jou ‘n oorveeg gee nie. Tog het ons Hoogste Hof van Appèl beslis dat jy in uiterste omstandighede iemand mag dood om jou besittings te beskerm.

Ons howe is bedag daarop dat wanneer iemand se beroep op noodweer beoordeel moet word, die hof as ‘t ware uit sy leunstoel moet klim en hom in die persoon se plek ten tye van die voorval moet begewe. Wat het dáár gebeur, want daar word meesal van skrikwekkende omstandighede gepraat. 'n Kil, kliniese agternabetragting sal selde deug.